

„En nou, meneer Truter, so eindig hy, net nog dit: In die naam van ons Vader in die hemel moet jy my die leed jou deur my aangedaan vergewe. Ek is daar bewus van dat my wandaad treurige gevolge teweegbring het, wat ongelukkig onherroeplik is; en as geringe bewys daarvoor wil ek jou 'n presentjie aanbied wat bestaan uit 'n nog onbewerkte kleim naas dié waarop ek nou werk, en dit moet jy as teken dat jy my vergewe het, aanneem. Alles wat jy nodig het vir die bewerking daarvan, sal ek kosteloos verstrek. En as jy my aanbod mag weier, sal dit 'n teken wees dat jy my nie vergewe nie; en Gods Woord leer ons: „En vergeef ons ons skulde soos ons ook ons skuldenare vergewe.”

„Ek het my onder die omstandighede gedwonge gevoel om Keating se aanbod te aanvaar, en met sy onvermoeide hulp het ek dertigduisend pond uit die kleim gehaal; en saam met ander spekulasies saam met hom het my bankbalans so gestyg dat ons, menslikerwyse gesproke, almal gered is.”

„Pa,” verneem Pieter, „wat het nou van die kêrel Reckless, of Keating—hoe hy ook al mag heet—geword?”

„Hy is nog op die delwerye, Pieter. Hy wou graag saamgekom het, maar weens dringende omstandighede is hy verhinder. Hy het ook 'n dringende begeerte om Maria en

Martha om vergifnis te smeeK vir die leed wat hulle te verduur gehad het, waar, soos hy menigmaal gesê het, hy die direkte oorsaak van was. Maar hy het belowe om, so gou sy sake dit toelaat, te kom; en hy sal, wat my betref, hartlik welkom wees.”

„Ja, maar, sal hy, wanneer hy kom, nie weer moontlik krom spronge kom uithaal nie?” was Pieter se verder beswaar.

„Daar staan ek borg voor!” was Johannes se besliste antwoord. „Want gedurende my verblyf op die delwerye het ek saam met hom in een hotel geloseer; en, om die minste te sê, is hy ’n eerlike en voorbeeldige mens, en daarby ’n selfopofferende vriend, ’n voorbeeldige Christen en ’n troue voorganger in bidure. Keating het ’n oop beurs, en is nie in die minste ’n bedrieër nie; maar sy dors na awentuurlike ondernemings sonder om die nasleep daarvan in ag te neem, was oorsaak dat Copper hom vir enige kattedwaad kon gebruik. Van die geld wat hy deur ons bemiddeling getrek het, het hy nie ’n pennie gesien nie, en ek glo dit goed; en van die geld waarvan hy Koster beroof het, het Copper ook met die grootste deel heengegaan.

„Eendag het ek ’n goedgeklede ou man ontmoet, en hy het my onder meer dit vertel: „Meneer, was dit nie vir Keating nie, dan sou baie reddeloses al hier omgekrom het; en ’n behoeftege klop nie te vergeefs by hom

aan nie. By een geleentheid het Keating deur sy skrandersheid ag kleims in een blok in die hande gekry, en vyf daarvan het hy aan hulpelose en behoeftige ou mense uitge-deel—en ek was een van hulle. En, Meneer, wat ek vandag het, het ek aan Keating te danke. Sy Christelike en voorbeeldige lewe is 'n spoorslag vir baie, en dit blink uit net soos 'n pragtige diamant.' ”

'N VOORSPELLING.

Vredehof, ongeveer een en 'n halfmyl van die dorp C. af, was Carl Muller se eiendom. Die plaas was netjies bewerk, goed voorsien van water, wat bestaan het uit 'n sterk bergstroom, pragtig versier met geboue, vrugteboorde, landerye en plantasies. Die ordelikeit wat die waarnemende oog daar bespeur het, was 'n sterk aanduiding dat die eienaar by uitstek aan sy roeping as boer beantwoord het.

Deurdat die eienaar van Vredehof en sy gade in die ware sin van die woord mensliwend en gasvry was, het Vredehof gevolglik die verblyfsoord van verskeie vooruitstrewende en gelukkige famielies geword.

Carl was 'n frisgeboode man, altoos netjies geklee en begaaf met 'n wonderlik vriendelike en innemende voorkome. En juis op die dag waarmee ons verhaal begin, het Carl en sy gade, Johanna—daar hulle op dieselfde dag gebore was—, hulle veertigste verjaarsdag bereik.

Johanna, net soos haar man, was oppassend, nederig en gasvry, begaaf met 'n diepe deursig, en in menig opsig sy raadgeefster.

Carl en Johanna was twintig jaar oud toe hulle getroud is, en vyf jaar daarna was hulle huwelik met tweelingseuntjies geseën. Die seuntjies was die ewebeeld van mekaar, en in hulle later leeftyd was dit vir 'n vreemdeling uiters moeilik, ja, haas onmoontlik, om hulle van mekaar te onderskei.

Die veertigste verjaarsdag van Carl en Johanna is toe in hulle woning op Vredehof deur 'n groot vriendskaar plegtig gevier; en toe die onskuldige vrolikheid in volle swang was, word daar aan die voordeur geklop.

Carl en Johanna was albei onder die indruk dat dit moontlik een of ander vriend was wat laat gekom het, en hulle het toe self gegaan om die deur oop te maak en die vermoedelike vriend welkom te heet; maar tot hulle grootste verwondering bemerk hulle dat hy 'n volslae vreemdeling was. En nieteenstaande hy gelyk het asof hy 'n smous kon wees, het hy darem 'n gunstige indruk op hulle gemaak, daar hy 'n vriendelike voorkoms gehad het. Hy was ook netjies geklee. Maar wat hulle nie kon oplos nie, was dat hy te voet was, en daarby nog 'n rol komberse agter sy rug gehad het.

Hulle het niks laat merk nie en ewe vriendelik hom binnegenooi, en toe vergesel na 'n netjiese vertrek wat spesiaal ingerig was vir vreemdelinge.

Carl en Johanna het hom toe versoek om, sodra hy gereed was, as genooide gas na binne te kom, waar die feesvierende menigte besig was; want wat anders kon hulle nou onder die omstandighede gedoen het? Om die vreemdeling aan homself oor te laat sou maar 'n bietjie ongepas gewees het; en om hulle gaste sonder hulle teenwoordigheid aan hulle self oor te laat, sou hulle nog minder betaam het. En nieteenstaande die vriendelike gasvryheid van Carl en Johanna aan die vreemdeling betoon, het hy totnogtoe nie 'n woord geuit nie. En toe hy in die netjiese vertrek waarin hy hom toe bevind het, besig was om die rol agter sy rug los te maak, laat hy hom in sag vloeiende taal soos volg, uit: „Hartlik dank vir die liefde en gasvryheid aan 'n vreemdeling bewys. Ek waardeer dit ten seerste en vertrou van harte dat die Algoede julle sal beloon vir julle Christelike liefde. My naam,” so gaan hy voort, „is Cartaphilus, en ek kom met duisende gesinne oor die lengte en breedte van die aarde in aanraking; maar ek moet eerlik sê dat die gasvryheid wat ek nou geniet, meer die uitsondering as die reël is. Hartlik dank ook vir die uitnodiging. Dit sal my 'n genot wees om, sodra ek gereed is, my by u gaste te voeg, en ek sal dan onmiddellik daarna maar weer vertrek.”

Van die voorstel wou Carl en Johanna niks hoor nie, en hulle het Cartaphilus so ver-oor-

gehaal dat hy ten minste vir die nag sou oorbly; dan sou hulle hom die volgende môre, as hy dan nie langer wil bly nie, per rytuig na die dorp vervoer. Weer het hy hulle bedank en hulle toe meegedeel dat hy dan sou oorbly tot die volgende môre, maar dan, soos sy gewoonte was, weer *te voet* sou vertrek.

Carl en Johanna het toe weer aangesluit by hulle gaste, en kort daarna het Cartaphilus ook sy verskyning gemaak. Nadat hy aan mnr. en mevr. Muller se gaste voorgestel is, het sy onskuldige innemendheid gou die vertrouwe van al die aanwesige gaste gewen.

Ná die eetmaal is verskeie toesprake gelewer, en Cartaphilus, nadat hy gemeen het dat almal klaar was met hulle lofredes, het toe ook opgestaan en gesê: „Geagte mnr. en mevr. Muller, dames en here, dit is my werklik 'n groot genot om die eer te hê om onder die baie en dierbare vriende van ons gasheer en gasvrou getel te word, en ook aan hulle my opregte dank te betuig vir hulle deur my hoog gewaardeerde gasvryheid en liefde, en ook my verlange uit te spreek dat die Almagtige hulle 'n lang en geseënde loopbaan mag skenk. 'n Oomblik soos hierdie,” gaan hy voort, „is 'n soet druppel in my bitter beker, wat ek al vir meer as agtienhonderd jaar besig is te ledig—maar tevergeefs. My naam is Cartaphilus. Met die kruisiging van die Heiland was ek teenwoordig, en toe

die Liewen-Heer met Sy kruis by my verbykom, het ek gesê: „Loop, Jesus, loop vinniger!”—waarop Hy geantwoord het: „Ek gaan, Cartaphilus, maar jy sal bly totdat Ek weer kom.” Destyds toe die vonnis van die Heiland oor my gevel was, was ek ’n deurwaarder in die paleis van Pilatus; en sedert dié tyd was dit my treurige lot om die aan my opgelegde straf van omswerwing te volbring.”

Kort daarna is ’n vrolike en genotvolle samekoms beëindig, en al die gaste het weer na hulle verskillende wonings gekeer, en vir Carl en Johanna, hulle twee seuns en Cartaphilus agtergelaat.

Nadat die twee seuns, Carl en Johannes—die een het na die vader en die ander na die moeder geheet—na hulle kamer gegaan het, was hulle vader en moeder in ’n ernstige gesprek gewikkel met Cartaphilus aangaande sy uitlatings in sy toespraak omtrent homself, en daarna het hy in ’n privaat gesprek met hulle gesê dat hy ook, wanneer hy dit nodig ag of hom daartoe gedronge voel, die lotgevalle van enige persoon kon openbaar; en hy het toe verder aan hulle meegedeel dat, as hulle daar niks op teë sou hê nie, hy sekere dinge van die toekoms sou bekend maak.

Carl en Johanna het toe hulle toestemming gegee, waarop Cartaphilus opstaan en sê dat

■

hy eers 'n seker voorwerp in sy kamer moes gaan haal.

Gedurende sy afwesigheid het Carl en Johanna gedagtes gewissel en tot die gevolgtrekking gekom dat, alhoewel Cartaphilus baie en wonderlike dinge vertel het, hulle daar darem nie waarde aan kon heg nie.

Kort daarna het Cartaphilus weer sy ver-skyning gemaak, en toe hy plaasneem, sit hy voor hom op die tafel 'n eienaardige kissie wat met swart leer oorgetrek was, neer. Die grootte van die kissie was ongeveer 8 x 10 x 3 duim, en dit was voorsien van twee skuifdeksels, aan elke kant een.

Die een skuifdeksel was versier met 'n pragtige tekening van 'n „Kruisdraende Christus” en die ander een met 'n „Christus-Wederkoms.” Al twee die skilderstukke was pragtig afgewerk en in olieverf; verder was die kissie van 'n aantal rolletjies voorsien waarop vir die oningeligte onbegryplike voorwerpe voorgekom het, wat dan natuurlik verwissel sodra die rolletjies in beweging raak. Aan die een kant van die bo-end van die kissie was 'n slingertjie, en regoor was 'n holte waarin 'n flessie wat tien ivoorballetjies bevat het, ingesluit was. Die balletjies, omtrent die grootte van ertjiekorrels, was met kolletjies gemerk om die getal wat hulle moes verteenwoordig, aan te dui. Nommer

Een het één kolletjie; Nommer Twee weer twee, ens.

Cartaphilus het die flessie met die ivoorballetjies uitgehaal en toe aan Johanna oorhandig, met die versoek dat sy dit eers goed moes skud en daarna net een van die balletjies uitgooi. Sy het toe volgens instruksies gehandel, en die balletjie wat sy toe uitgooi, het vyf kolletjies daarop gehad.

Sorgvuldig, nadat die kolletjies geregistreer is, is die balletjie weer in die flessie gedoen en toe aan Carl oorhandig, met dieselfde instruksies; en die balletjie wat toe uitgerol het, het ag kolletjies daarop gehad.

Cartaphilus het toe ewe versigtig die balletjie weer in die flessie gesit en dit aan die daartoe bestemde bewaarplaas toevertrou en Johanna vriendelik versoek om die slinger-tjie aan die bo-end van die kissie vyfmaal om te draai, en daarna moes Carl dit ook ag draaie gee.

Sy versoek is toe letterlik uitgevoer, en daarna het hy altwee die skuifdeksels verwyder en die kissie orent laat staan. Party van die rolletjies, met hulle vreemde voorwerpe, was toe in beweging, maar wonderlik onreëlmstig: een klompie was totaal bewegingloos, sommige het weer vinnig gedraai, terwyl 'n paar van hulle, weer, so 'n stadige beweging gemaak het dat dit haas nie waar

te neem was nie; en enkele, weer, het glad in 'n teenoorgestelde rigting gedraai.

Cartaphilus het die eienaardige beweging van die rolletjies, eers aan die een kant van die kisse en toe weer aan die ander kant, vir 'n goeie tien minute waargeneem en die skuifdeksels weer in hulle plekke gesit en die kisse toe neergelê.

„Ag vermenigvuldig met vyf,” so begin hy, „is veertig, en u is vandag net veertig jaar oud. U vader, mnr. Muller, was veertig jaar en ag maande toe hy verdrink het; en u vader, mevr. Muller, was veertig en vyf maande toe hy aan die byt van 'n slang beswyk het. Veertig is ook 'n baie wonderlike getal, waaraan baie Christene groot waarde heg. Die Sondvloed, soos u weet, het veertig dae geduur; Isak was veertig jaar oud toe hy met Rebekka getroud is; en Esau, toe hy getroud is, was ook net veertig jaar oud. Josef en sy famielie het Jakob veertig dae beweën. Moses het driemaal vir veertig dae gevas, en ook was sy leeftyd in drie tydperke van veertig jaar verdeel. Aan die einde van veertig dae het die verspieders uit Kanaän teruggekeer; Israel moes veertig jaar in die woestyn omdool; Eli het Israel veertig jaar gerig; Goliath het Israel veertig dae gehcon; Dawid en Salomo het altwee veertig jaar geregeer; Elia het veertig dae gevas; Jona het voorspel dat Ninevé ná veertig dae sou

omgekeer word; Ezechiël het die ongeregtheid van die huis van Juda veertig dae gedra. Christus het veertig dae in die woestyn gevas en veertig dae op die aarde gebly ná Sy opstanding—en mag Hy tog spoedig kom!” voeg hy met 'n diep sug daarby.

„So sien u,” vervolg hy, „wat 'n wonderlike en interessante getal veertig is. U bedoeling met u tweelingseuns is dat, wanneer hulle oud genoeg is, hulle 'n teologiese opleiding moet geniet; maar u sal bespeur dat Carl, die jongste van die twee, wel predikant sal word, maar Johannes sal, nadat hy sy Admissie-eksamen afgelê het, verdere teologiese opleiding staak, en dan as regsgeleerde afstudeer. Wanneer die kinders 'n leeftyd van dertig jaar sal bereik het, sal Carl bevestig word as leraar, en arme Johannes sal onskuldig in 'n moordsaak gewikkel raak en tot die dood veroordeel word; maar ná 'n tydperk van tweemaal veertig dae sal hy op 'n buitengewone wyse deur sy broer Carl gered word.”

Daarna, terwyl dit ook al laat was, het Cartaphilus hulle elk 'n handdruk gegee, hulle 'n goeie nagrus toegewens en met sy wonderlike kissie na sy slaapkamer gegaan. Die volgende môre was Carl volgens gewoonte vroeg op, en het 'n bediende met 'n koppie koffie na Cartaphilus se kamer gestuur; maar die skepsel het onverrigtersake teruggekóm en

aan sy baas meegedeel dat daar niemand in die kamer was nie. Die kamer was netjies aan kant, en niemand het daardie nag blykbaar op die bed geslaap nie. Cartaphilus het net so geheimsinnig verdwyn as wat hy verskyn het. Sy geheimsinnige verskyning met sy wonderlike toespraak by geleentheid van die verjaarsdagmaal tyd, het groot opskudding in daardie buurte verwek, en almal het iets, of dit nou goed of kwaad was, oor die wonderlike man te sê gehad. Maar nie alte lank nie, of alles was weer doodstil, en die meeste was van cordeel dat die wonderlike voorval maar op bedrog gebaseer was.

Carl en Johanna het darem 'n ander sienswyse gehad, en alhoewel dit toe al tien jaar was dat Cartaphilus daar was, het hulle darem maar nog altoos goedhartig van hom gepraat en groot waarde geheg aan wat hy die nag toe hy so geheimsinnig verdwyn het, meegedeel het.

Carl, Johanna en hulle twee seuns, wat nou al vyf-en-twintig jaar oud was, het baie van hulle bure wat op Vredehof gewoon het, gehou, en insonderheid van sekere famielie Hartman.

Jacob en Gertruida Hartman het 'n enigste dogter, Anna genaamd, gehad. Anna was toe net twintig jaar oud, en sy was 'n liewe en gehoorsame kind. Met haar helderswart oë, onder dik getekende winkbroue,

haar swart bos krulhare, twee appelrooi wangetjies met kuiltjies en 'n welgevormde gelaat, was sy daarby altoos vrolik en opgeruimd en deur almal bemin.

Die famielies Muller en Hartman het oor en weer mekaar regte dikwels besoek, en met die loop van jare het daar so 'n intieme gemeenskap tussen hulle ontstaan dat hulle die gewoonte vir jare al gehad het om mekaar as „Neef” en „Niggie” toe te spreek.

Op 'n goeie dag, toe die Mullers volgens gewoonte weer die Hartmans besoek, het Johannes hulle vergesel.

Johannes was net terug van die kollege, waar hy saam met sy broer Carl sy Admissie-eksamen met lof afgelê het; maar hy het toe besluit om verdere teologiese opleiding te staak, en hy sou in die regte afstudeer.

Onderwyl die ouers van Johannes en Anna in 'n gesprek op stoep verkeer het, was hulle vlak voor die huis onder die vrugtebome besig met 'n humoristiese tydskrif, en kort-kort het dit weergalm soos die tweetjies geskater het.

Onder die vrolike gemoedstemming van die kinders het Johanna onwillekeurig aan haar seun Carl gedink en toe opgemerk: „Dis tog so jammer, nig Gertruida, dat Carl nog nie tuis is nie, maar hy is so besig met sy studies, want hy het 'n dringende begeerte om as saaiër uit te gaan in die diens van sy Heer.”

„En sal hy dan met hierdie vakansie glad nie huis-toe kom nie, nig Johanna?” vra Gertruida.

„Ja, nig Gertruida, maar eers later,” en weer word die vrolike gelag van die kinders verneem.

„Jy weet, neef Carl,” merk Jacob op onderwyl daar so 'n vriendelike glimlag op sy gelaat sigbaar was, „noudat ek die kinders so hoor lag, kom daar 'n gedagte by my op, en iets waaroor ek al so dikwels met julle wou gepraat het. Soos julle weet, is Anna nou twintig jaar, en Frans Mentz, die seun van ons buurman, is baie verlief op haar; maar dié kêrel geval ons glad nie—en dit skyn asof Anna nogal baie van dié vent dink. Johannes, julle liewe seun, is ook verlief op Anna, en hy het al met ons daarvoor gepraat; maar hy verkeer onder die indruk dat daar nie baie aanmoediging van julle kant is nie, en hy het ons toe versoek om met julle daarvoor te praat.”

„Dit is wonderlik, neef Jacob,” laat Carl hom hoor, „dat jy juis nou so 'n onderwerp ter sprake bring, want gisteraand het Johanna en ek juis oor dieselfde onderwerp gepraat, en toe het sy nog opgemerk dat Johannes nie 'n fout, volgens haar sienswyse, sou begaan as hy met Anna trou nie. En die rede waarom Johannes onder die indruk verkeer dat daar te min aanmoediging van ons

kant is, is omdat ons van oordeel is dat dit in die meeste gevalle tog raadsaam is om jou nooit, al raak dit al jou eie kinders, met die huweliksvoornemings van 'n ander te bemoei nie; want as iemand gedetermineerd is om hom met 'n seker persoon in die huwelikstaat te begewe, dan sal hy tog, nieteenstaande jou advies, sy eie kop volg. En alte baie was dit al ons ondervinding dat, waar ons in sulke gevalle raad verstrekket het, en die verwagting van die betrokke persoon word dan teleurgestel, hy alles in sy vermoë sal doen om die oorsaak van sy mislukking by 'n ander maar nooit by homself te soek nie."

„Ja, neef Carl,” merk Gertruida op, „in seker opsigte stem ons volkome met julle saam, maar dan meen ons ook met billikheid te konstateer dat dit die plig van 'n ouer is om, wanneer hy meen dat sy kind 'n verkeerde weg inslaan, 'n waarskuwende stem te laat hoor, en ons het ook nie geskroom om Anna met ons gevoelens teenoor Mentz bekend te stel nie; en alhoewel ons niks op sy gedrag te sê het nie, is Jacob sowel as ekselw van oordeel dat daar iets geheimsinnigs in die persoon skuil, en wat moontlik met die groot mate van sy jaloesie waarmee hy besiel is, nog ernstige gevolge in die toekoms mag hê."

Vyf jaar ná hierdie gesprek is die jong Carl Muller as leraar van die gemeente op

P. bevestig, en sy broer Johannes het 'n flo-
rerende prokureursbesigheid op C. gehad.

Frans Mentz was destyds 'n bankklerk op C. Hy was omtrent dieselfde ouderdom as Johannes Muller, was lank en skraal en het ligte krulhare gehad, twee helderblou oë, wat nooit direk die persoon met wie hy in gesprek verkeer het, in die oë kon gekyk het nie; dan het hy 'n plat gesig gehad met 'n krom neus en buitengewoon groot mond, die hoeke waarvan 'n opwaartse beweging gehad het, en 'n kort, spits ken. Frans was ook wonderlik gesteld op sy kleredrag, en die meeste mense was van oordeel dat hy 'n baie goeie inkomste moes gehad het om soveel aan sy kleding te bestee en so rojaal te lewe. Frans het ook die gewoonte gehad om, soos die meeste mense wat op Vredehof gewoon het en op C. werksaam was, die endjie heen en weer te voet af te lê. Hy kon hom ook erg minsaam voordoen, maar wanneer hy die geleentheid daartoe het, dan was hy heeltemal in staat om die teenoorgestelde ook te doen. Frans het menigmaal, wanneer hy die kans daartoe gehad het, Johannes op sy kantoor 'n besoek gebring, en die meeste van die tyd het hulle ná kantoorure saam na Vredehof gestap.

Op sekere dag het Mentz volgens gewoonte Johannes op sy kantoor weer 'n besoek gebring, maar dié slag was hy erg opgewonde

en aan Johannes die volgende meegedeel : „Johannes, daar is 'n tekort van tweehonderd pond sterling in die bank ontdek, en die bestuurder het sonder om doekies daar om te draai aan my gesê dat, as ek nie sorg dat die tekort binne vier-en-twintig uur aangesuiwer word nie, hy my sal laat arresteer. Hoewel ek onskuldig is, en die tyd te kort om my onskuld te bewys, sal ek bly wees as jy my asseblief met tweehonderd pond aan goud kan help; dan kan jy dit met die rente weer aftrek van die driehonderd pond wat jy vir my moet invorder en waarvan die dokumente reeds in jou besit is.”

Johannes het toe die vereiste bedrag in goud getrek en aan Mentz oorhandig, en 'n skuldbewys daarvoor in ontvangs geneem. Die bewys het Johannes in teenwoordigheid van Mentz in een van sy skryftafellaaie gesit.

Mentz is toe dadelik weer terug na die bank, en met alle erns aan die soek geraak, want hy het daarop gestaan dat die vermiste bedrag maar in een of ander hoekie gevind sal word; en nie alte lank nie, of hy kry 'n sakkie met tweehonderd pond agter 'n brandkas. Die tekort was gedek en Mentz was weer los.

Nieteenstaande Johannes vir Frans Mentz uit 'n groot moeilikheid gered het, het hy vir Johannes tog gehaat, want hy was van oor-

deel dat Johannes die oorsaak was dat Anna tot hiertoe nog altoos geweier het om met hom te trou; en wat die ding nog erger maak het, is dat sy finansiële posiesie by die dag swakker word. Anna was die enigste kind, en die Hartmans het daar goed in gesit weens 'n erfnis wat hulle onlangs ontvang het.

Kort daarna het Mentz eendag, nadat die bank gesluit het, Johannes op sy kantoor gaan opsoek om met hom die knaende onderwerp te bespreek. Hy het Johannes se kantoor bereik en die deur daarvan sonder om te klop oopgedraai, maar tot sy grootste verwondering was nóg Johannes nóg sy kantoorseun aanwesig. Meteens val hom dit te binne dat hy nou 'n pragtige geleentheid het om sy bewys te vernietig, en haastig trek hy die laai oop waar Johannes dit die dag toe hy dit geteken het, in weggesit het; maar in plaas van die bewys het hy 'n gelaaide rewolwer in die laai gekry met die naam „Johannes Muller” op die kolf daarvan gegraveer. Mentz het die rewolwer dadelik in sy sak gesteek, en net so geheimsinnig as wat hy die kantoor binnegekom het, weer daaruit verdwyn.

Hy het egter toe 'n ander plan beraam, wat daarop neergekom het dat hy sy kans sal afwag en Johannes in die plantasies tussen die dorp en Vredehof met sy eie rewolwer

doodskiet, en dan die rewolwer so in Johannes se hand plaas om dit die skyn van selfmoord te gee; want hy wis dat die sogenaamde bewys wat Johannes van hom in sy besit het om in te vorder, vals was, en net aan Johannes gegee is met die doel dat, wanneer sy bedrog in die bank ontdek word, hy dan van Johannes die vereiste bedrag kon kry om dit weer te herstel. Wat hom nog meer in die nou geja het, was die vrees dat, sodra dit ontdek sou word dat die sogenaamde dokumente wat Johannes van hom in sy besit het, vals was, ook die bedrog as sou hy die vermiste geld agter die brandkas gevind het, hom uit die aard van die saak vanself sou openbaar.

'n Paar dae daarna het Mentz 'n ernstige gesprek met Anna gehad en haar vir die soveelste maal weer gesmeek om haar aan hom te verloof; maar Anna was, soos gewoonlik, doodbedoord en het vir Mentz toe laat verstaan dat daar op die oomblik van soiets nie sprake kon wees nie, want sy was van plan om die volgende dag op 'n lang reis te gaan, en sy sou minstens drie maande afwesig wees.

Mentz se plan om Anna se geld deur 'n huwelik met hom deelagtig te word, is totaal verydel, want oor drie maande sou hy, so het hy met homself geredeneer, in plaas van bruidegom te wees, as prisoner agter slot en

tralies sit, en daarom moes hy so gou moontlik sy plan om Johannes te vermoor ten uitvoer bring.

Van die dorp na Vredenhof het die pad kronkelend deur plantasies geloop, en dit was by uitstek geskik—iets wat niemand anders as Mentz vermoed het nie—om 'n niks vermoedende persoon voor te sit en dan daar te vermoor.

Mentz het Johannes se kantoor dopgehou, en hy merk toe een agtermiddag laat dat Johannes nog besig was. Hy het toe 'n berekening gemaak dat Johannes na alle waarskynlikheid die aand laat deur die plantasies huiswaarts sal keer, en hy het hom toe met Johannes se eie rewolwer op 'n geskikte plek voorgesit.

Mentz het in die grootste spanning verkeer en gedurig sy ore gespits of hy nie naderende voetstappe verneem nie.

Dit was omtrent agtuur die aand, en daar was nie maan nie toe Mentz gewaar het daar iemand aankom. Hy het toe versigtig geloer en dit was toe vir hom duidelik dat dit Johannes was; en net toe die niks vermoedende persoon na genoeg was, het Mentz uit sy skuilhoek gesprong en in 'n oogknip was die persoon 'n lyk.

Mentz, soos sy plan was, wou toe die rewolwer in die hand van die vermoorde plaas; maar hy bemerk toe tot sy grootste skrik dat

dit nie Johannes was nie, maar Willie Morkel, 'n ander bewoner van Vredehof, en hy verneem toe tegelykertyd die naderende voetstappe van 'n ander persoon. Mentz het die rewolwer neergesmyt en haastig die plantasie ingevlug, en al langs die pad tussen die bome in die rigting van die dorp geruisloos voortgegaan. Hy het omtrent 'n vyftig tree so aangehou, weer in die pad gekom en ewe op sy gemak, as sou hy van die dorp kom, voortgewandel in die rigting van Vredehof.

Die tweede persoon, vir wie Mentz gevlug het, was niemand anders as Johannes nie. Toe Johannes die knal van die rewolwer hoor, het hy voortgesnel om hom van die buitengewone skietery te vergewis. Hy kom toe, tot sy grootste ontsteltenis, op die lyk van Willie Morkel af, teen wie hy juis dié dag 'n saak in die hof verdedig het.

Mentz was toe al so naby dat hy kon sien dat die persoon in 'n geboë houding oor die lyk staan, maar hy was toe nie seker wie dit was nie, en roep somar uit: „A, Johannes, wat het jy nou weer aangevang?”

Arme Johannes het so geskrik dat hy, in plaas van daar te bly staan, eers gevlug en toe weer teruggekeer. Hy het egter niks verder gesê nie en verslae huiswaarts gekeer.

Mentz het toe dadelik dorp-toe gegaan en sy ontdekking aan die polisie gerapporteer. Hulle het onmiddellik dit gaan ondersoek, en

volgens die verklaring wat Mentz gemaak het, het hulle vir Johannes nog dieselfde aand in hegtenis geneem op 'n aanklag van moord.

Daar Mentz se helse planne met 'n groter mate van sukses bekroon was as wat hy vermoed het, het hy bitterlik berou gehad van 'n brief wat hy die agtermiddag aan Anna geskrywe en gepos het; maar hy het hom met die gedagte probeer troos dat die brief moontlik mag verlore gaan, want so ver was die toedrag van sake vir hom so gunstig dat daar nie in die minste 'n sweem van suspesie teen hom was. Maar die ongelukkige brief aan Anna kan moontlik nog ten gevolge hê dat sy deurdagte planne nog skipbreuk mag ly, en dit het hom verskriklik gekwel.

In die voorlopige ondersoek voor die plaaslike magistraat, was die getuienis van die hoofgetuie so verpletterend teen Johannes dat die magistraat hom genoodsaak gevoel het om Johannes na die strafsitting te verwys. Mentz het ewe bedaard en met 'n voorgewende gevoel van medelye plegtig verklaar hoe hy die geknal van die vuurwapen op die aand en plek van die moord gehoor en ook gesien het hoe Willie Morkel inmekaar stort nadat Johannes hom geskiet het; en hoe Johannes, nadat hy hom gewaar het, die rewolwer neergesmyt en op die vlug gegaan het.

Kort daarna is Johannes voor die Rondgaande Hof tot die dood veroordeel.

Ds. Carl Muller, broer van Johannes, wat destyds predikant van die gemeente op P. was, het dadelik na die terdoodveroordeling van sy broer na Vredenhof gesnel en daarna na die dorp, om Johannes in sy ongelukkige toestand so goed hy daartoe in staat was te troos.

Nadat Carl as 'n geestelike toegelaat is in die sel waarin Johannes hom bevind het, het hy sy broer omhels. „Johannes, my liefste broer,” begin hy, „hoe wonderlik en ondeurgrondelik is tog die weë van die Almagtige. Nooit,” sê hy in trane, „kon ek my voorgestel het dat so 'n ramspoedige lot my vredeliewende broer moes tref nie. Maar dis Gods wil, en alles wat Hy doen, is welgedaan. Jy moet jou maar onderwerp, my lieve broer, en jou skik om Hem te ontmoet, wat alles vir ons veil het.”

Sy goedbedoelde woorde het darem nie 'n groot indruk op Johannes gemaak nie.

„Dis maar alte jammer,” vervolg Carl, „dat ek nie eerder hier kon gewees het nie; want, soos jy weet, neem dit byna veertien dae van P., waar ek staan, hierheen, en onmiddellik nadat ek die telegram gekry het, het ek vertrek.”

„Carl, ek dank die Liewen-Heer,” begin Johannes, „dat jy gekom het om my in my onbenydenswaardige posiesie by te staan; maar ek moet jou eerlik sê dat ek ter dood

veroordeel is, hoewel ek net so onskuldig is as jyself. Die hele gebeurtenis, met al sy treurige gevolge, skyn maar net 'n droom te wees. Vanaf die noodlottige tweede dag van September—die dag waarop die ongelukkige Willie Morkel aan sy einde gekom het—kon ek nooit 'n behoorlike begrip van die samehang van sake kry nie. Dit was asof ek suf was, maar vandat ek jou weer hier ontmoet het, het my toestand heeltemal verander, en nou sal ek aan die werk gaan. Jy het netnou gesê dat ek my moet skik om my God te ontmoet. Ek dank jou van harte vir die welmenende waarskuwing, maar moet nou nie dink dat ek onverskillig is nie; want, soos jy weet, het jy en ek in ons ouerlike woning 'n Christelike opleiding gehad. Jy neem die saak te ernstig op, want soos die plan dan is, moet ek oormôre gerig word. Maar dit sal nie gebeur nie, want onhou jy nie meer die voorspelling van Cartaphilus nie?—,As die kinders 'n leeftyd van dertig jaar sal bereik het, sal Carl bevestig word as leraar, en arme Johannes sal onskuldig in 'n moordsaak gewikkel raak en tot die dood veroordeel word, maar ná 'n tydperk van *tweemaal veertig dae* sal hy op 'n buitengewone wyse deur Carl gered word—en vandag is dit die 23ste November, juis tweemaal veertig dae vandat Willie Morkel vermoor is. Nou wil 'n voorstel maak waarmee ek hoop jy sal instem.”

„As dit uitvoerbaar is, my liewe broer,” antwoord Carl, „sal ek alles in my vermoë doen om jou te help.”

„Nou ja,” hervat Johannes, „die oningelikes sal dit uiters moeilik vind om ons twee van mekaar te onderskei. Nou wil ek hê dat ons ons klere moet omruil, en dat jy as Johannes, die veroordeelde, moet agterbly, en dat ek as ds. Muller die sel verlaat. Jy hoef nie bevrees te wees dat hulle jou sal rig nie, want jy kan hulle dadelik oortuig dat jy nie Johannes is nie, deur slegs jou linkerarm te ontbloot en hulle jou naam te toon wat jy as kind daarop laat tatoeër het. Hulle kan jou net straf, omdat jy die ontvlugting van 'n terdoodveroordeelde bewerkstellig het. God weet dat ek onskuldig is, en my onskuld sal ek aan jou en die wêreld binne vier-en-twintig uur bewys.”

Kort daarna het Johannes as ds. Muller die sel verlaat en aan die niks vermoedende bewaarder meegedeel dat hy 'n boek wou gaan haal.

Johannes het self nie veel waarde aan die voorspelling van Cartaphilus geheg nie, maar daar slegs gebruik van gemaak om sy broer oor te haal om tydelik sy plek in te neem; want hy het van Carl verneem dat Frans Mentz nog daar was, en hy wou 'n plan beeraam om die skurk op te spoor en 'n end aan so 'n walglike loopbaan te maak.

Met die voorgenome doel het hy hom na sy ouerlike woning begewe om hom daar van 'n vuurwapen te voorsien en sy besluit uit te voer; maar wat was sy verwondering groot om Anna, haar vader en moeder en ook die gehate Mentz in teenwoordigheid van sy vader en moeder aan te tref.

Almal het onder die indruk verkeer dat dit werklik Carl was wat vir 'n oomblikkie van die gevangenis teruggekeer het, en snikkend vra die haas van droefheid besweke moeder: „Ag, my liewe Carl, hoe gaan dit nou met ons arme ongelukkige Johannes?”

„Nee, heeltemal goed, liefste moeder, en hier staan hy lewensgroot en perdfris voor julle!”

Verskrik kyk almal op, en Mentz wou met alle mag en geweld die spat neem, maar Jacob Hartman het dit belet.

„Staan, skurk,” gebied Johannes. „Die kans om te vlug sal jy in jou walglike lewe nooit weer kry nie. Oormôre,” gaan hy voort, „moet ek as 'n onskuldige, wat jy maar alte goed van bewus is, gerig word, en ek sal op my pos wees ook en my liewe broer weer verlos uit die dodesel, waar hy op die oomblik met sy opofferende liefde as my plaasvervanger optree sonder dat die outoriteite daarvan bewus is. Ek sal egter sorg dat jy nooit weer die voorreg sal geniet om banke te berowe, moorde te pleeg en onskuldiges daar-

voor te laat boet nie," en by die laaste woorde stap hy in die rigting van Mentz.

„Wag, Johannes, wag, my edelmoedige en onskuldige slagoffer, wag!" gebied Anna onderwyl sy 'n brief te voorskyn haal. „Voor-dat ek die brief lees, wil ek eers aan julle vertel dat ek onmiddellik nadat ek die brief, wat toe al byna twee maande oud was, ontvang het, huis-toe gegaan het met die doel, as dit nog moontlik was, om Johannes te waarsku; maar op weg hierheen het ek 'n nuusberig gesien dat Johannes al tot die dood veroordeel was, waaruit ek afgelei het dat hy nog na alle waarskynlikheid voor my aankoms sou gerig word. Maar die hemel sy dank! ek is nog in tyd om hierdie onmens"—en sy wys met haar vinger na Mentz, wat nou soos 'n riet bewe—, „aan sy verdiende loon te help. Nou," eindig sy, „sal ek die brief lees:—

,Vredehof,

26ste Augustus 1862.

,Liefste Anna,

Jy sal na alle waarskynlikheid verwonder wees om so spoedig ná jou vertrek 'n brief van my te ontvang, en moontlik—nee, seker—sal dit die laaste brief wees wat jy van my sal ontvang, want wanneer jy hier-

die reëls lees, sal Frans Mentz al in die groewe der vertering gelê wees, en daarom kan ek jou die hieronder vermelde met alle vrymoedigheid meedeel :

,In die bank waarin ek werksaam was, het ek 'n bedrag van tweehonderd pond sterling verduister, en ek het van die onnosselheid van Johannes Muller gebruik gemaak om hom 'n vervalste wissel vir driehonderd pond sterling ter invordering te gee, sodat, wanneer my bedrog in die bank ontdek word, ek dan die tekort uit sy sak kon dek. Omstandighede het my toe genoodsaak om die geld by Johannes te kry, en as beloning daarvoor het hy van my 'n bewys ontvang. 'n Dag daarna het ek dit raadsaam geag om die bewys te vernietig, en ek het toe met dié doel na Johannes se kantoor gegaan. Gelukkig was daar niemand in die kantoor nie. Ek het toe die laai waarin Johannes die bewys gebêre het, gevisenteer, maar ek kon dit nie kry nie, en in plaas van my bewys het die laai 'n rewolwer—en met „Johannes Muller” nogal daarop gegraveer—bevat. Daar het ek skielik besluit om Johannes met sy eie rewolwer te vermoor, en daarna myself ook.

,Ek verheug my egter daarin dat jy ook nie die voorreg sal hê om met die gehate Johannes Muller te trou nie, aangesien jy die deur my aan jou bewese liefde en op-

offering so onder die voete vertrap het; maar ek sal my wreek, al kos dit ook my eie lewe —dit maak nie saak nie.

,Vaarwel vir ewig,
,FRANS MENTZ.' ”

„En wat het jy nou te sê?” vra Carl en Jacob tegelyk.

„Niks,” was die verslae antwoord. „Ek sal my gaan rapporteer en boet vir wat ek gedaan het.”

Jacob en Carl het Mentz toe na die poliesiekantoor vergesel en gesorg dat hy nog dieselfde nag 'n beëdigde verklaring aangaande sy wandade maak, en kort daarna was Frans Mentz veilig agter slot en grendel.

Johannes het toe as ds. Muller na die sel teruggekeer en alles breedvoerig aan sy broer meegedeel. Vroeg die môre het ds. Muller die sel verlaat en gesorg dat die ontwikkeling deur die plaaslike magistraat aan die Goe-werneur getelegrafeer is, met die gevolg dat die voltrekking van die doodvonnis oor Johannes uitgespreek, uitgestel is, en Johannes ook later onskuldig verklaar is, en Frans Mentz as die regte moordenaar van Willie Morkel sy lewe daarvoor op die skavot ingeskiet het.

Ses maande ná dié skokkende gebeurtenis in die plantasie naby Vredenhof bevind die leser hom weer aan die woning van Carl en Johanna, alwaar 'n groot vriendskaar versamel was om die huwelik van Johannes Muller met Anna Hartman, 'n uur gelede in die dorp deur ds. Carl Muller voltrek, plegtig te vier!

SKOPPE VYF.

James Garriock was 'n bankbestuurder in Glasgow, Skotland. Daar hy 'n baie teer Christen was, is hy gedurende die Anglo-Boere-oorlog deur 'n aantal dames wat meer van 'n siel as van 'n sjieling gedink het, dringend gevra om hom na Suid-Afrika te begewe om die Evangelie daar onder die Britse troepe te verkondig.

Ewe bereidwillig het Garriock sy betrekking neergelê en op eie koste na Suid-Afrika gegaan om die aan hom toevertroude liefde-werk te aanvaar. Hy het in Durban geland en onmiddellik met sy werk begin. Gedurende sy werksaamhede kom hy een Sondagmôre op vier Kakies af in 'n saal wat besig was om hulle te vermaak met kaart te speel.

Garriock was altoos vol van die liefde van die Heer en besield met 'n wonderlike gawe om hom by almal met wie hy in aanraking kom, bemind te maak.

Met 'n glimlag stap hy die saal binne, en nadat hy beleef gegroet het, merk hy minsaam op: „A, ek sien julle is besig om kaart te speel.”

„Ja, Meneer,” laat een van die vier daarop volg, „en speel u ook kaart?”

„O ja,” antwoord Garriock, „maar darem nie op daardie manier nie : ek vertel net fortuin.”

„Nou ja,” laat een van hulle hom hoor, „dan is Meneer net die regte man, want ons vier sal graag wil weet wat vir ons in die toekoms opgeslote lê.”

„Goed,” sê Garriock onderwyl hy Skoppe 5 in sy hand neem. „Maar voordat ons iets verder doen, moet julle my eers voorsien van 'n Nuwe Testament.”

Verskrik kyk die vier mekaar aan, waardeur—so het hulle gemeen—hy tot die gevolgtrekking moes kom dat hulle nie soiets besit nie; maar voordat een van hulle 'n woord kon uit, hervat hy : „Wat? Nie 'n Nuwe Testament nie? Sou julle my wil laat verstaan dat nie een van julle moeders met julle vertrek na 'n oorlogsterrein nie aan een van julle 'n Bybel gegee het nie? Kom,” vervolg hy minsaam, maar darem gebiedend, „gee maar een van julle Bybels.”

Totaal uit die veld geslaan, het een van hulle, nadat hy so 'n ruk in 'n koffertjie gesnuffel het, met 'n Nuwe Testament voor die dag gekom.

„Mooi,” sê Garriock, hoogs tevrede, „en nou sal ons begin.”

Hy hou toe die kaart met sy een hand omhoog en met die ander bedek hy drie oë van die kaart, sodat net twee daarvan sigbaar was, en hy vra toe aan een van hulle : „Hoeveel oë sien jy?”

„Twee, Meneer,” was die nederige antwoord.

„En,” vra Garriock, „hoeveel oë het jy?”

En weer was die antwoord : „Twee.”

„Goed,” gaan hy voort. „Lees nou Openbaring 1 : 7,” wat die persoon toe ook doen : „Hy kom met die wolke, en alle oog sal Hem sien.”

„Alle oog,” herhaal Garriock, „sal Hem sien. Hoe verskriklik moet dit vir die mens wees om die Koning, as Hy kom, in Sy heerlijkheid te aanskou, terwyl hy hier in die lewe gedurig besig is met dinge wat tot oneer van sy God strek.”

Toe skuiwe hy sy hand af, sodat twee ander oë weer op die kaart sigbaar was, en hy vra toe aan die tweede : „Hoeveel oë sien jy?”

„Ook twee, Meneer,” was die verslae antwoord.

„En hoeveel knieë het jy?” vra Garriock, en weer was die antwoord : „Twee, Meneer.”

„Nou ja, lees nou Rom. 14: 11,” versoek Garriock. Dit word gedaan, en op versoek van Garriock moes die persoon klem lê op die woorde: „Voor My sal alle knie buig.”

„Sien julle?” vermaan Garriock ootmoedig. „In plaas van dat julle knieë op die heilige Sondag in die diens van die Heer en tot Sy eer geboë is, is hulle wel geboë, maar onder 'n kaarttafel. Maar hulle sal tog eenmaal *moet* buig, en moontlik nog in wanhoop, wanneer die mens sal uitroep: „Berge, val op ons! Heuwels, bedek ons!”

Vir die derde het hy net een oog op die kaart oopgehou, en toe aan hom gevra: „Hoeveel sien jy?”

„Net een, Meneer,” was die antwoord.

„En hoeveel tonge het jy?”

„Ook maar net een, Meneer.”

En toe het Garriock hom daarop gewys wat in dieselfde vers voorkom: „Alle tong sal Hem bely.” Nadat hy hom ook 'n liefderyke maar ernstige vermaning gegee het, vra hy aan die vierde, terwyl hy die kaart bloot omhoog hou: „Watter kaart is dit?”

„Skoppe 5,” was die antwoord.

„Dan is dit darem opmerklik,” gaan Garriock voort, „dat ek juis by toeval die kaart moes opgetel het, want ons is juis net *vyf* in hierdie vertrek. Dit herinner ons aan die Vyf Talente, die Vyf Wyse en Vyf Dwase Maagde, en ook aan die Vyf Broers wat in

die gelykenis van die Ryk Man en Lazarus voorkom. Ook het ons aan elke hand vyf vingers, en ook is ons met vyf sintuie bedeel; en in plaas dat die mens sy hande, voete, mond, oë en ore tot eer en verheerliking van sy Maker gebruik, is hy maar in die meeste gevalle alte geneig om dit in 'n teenoorgestelde rigting tē gebruik. En nou," gaan hy voort, „het ek aan julle versoek voldoen, en vertrou nou dat julle my sal vergesel na Gods huis om Hem daar te dank vir Sy lankmoedigheid en Hem te smee om vergifnis en verlossing; want wie weet moontlik is die Skopgraaf al in gereedheid om een van ons in te sluit op sy laaste rusplaas, want die lewe is kortstondig en onseker."

Almal het toe ewe bereidwillig ingestem om hom te vergesel na Gods huis.

Die daaropvolgende Saterdag het een van die vier vir Garriock op straat ontmoet en toe die volgende aan hom meegedeel:—

„Meneer, jou opmerking verlede Sondag in die saal, is tog bewaarheid omtrent die Skop-graaf, want een van ons kamerade wat saam met ons daar aanwesig was, het vyf dae ná ons kennismaking daar die tyd met die ewigheid verwissel; en wonderlik, Meneer, juis vyf man met skopgrawe was besig om sy stoflike oorskot met aarde te bedek."

Drie jaar ná die oorlog het skrywer hiervan met Garriock kennis gemaak, en toe het hy die hierbovermelde aan my persoonlik meegedeel, met uitsondering van die woorde „op eie koste”, wat in die begin van hierdie verhaal voorkom; dié het ek uit 'n ander bron geput.

OOM KOOTJIE KOOP 'N FORD.

Jacobus Hees, 'n boer en eienaar van die plaas Vrolik en ook ouderling van die gemeente waar hy lid van was, was 'n welgestelde man; en omdat die vooruitsigte belowend was—die vee vet en die veld en gesaaides pragtig—het hy 'n dringende begeerte gehad om ook met die tyd saam te gaan en 'n verandering in die gewone manier van vervoer te bring en sy kar en perde deur 'n Ford te vervang.

Oom Kootjie—soos hy in die wandeling bekend was—was 'n kort, skraal kêreltjie van ongeveer vyftig jaar. Hy het 'n kaal kop gehad, en sy gesig was versier met twee ernstige, waarnemende, grys ogies en 'n lang, effe grys baard. Sy vrou, omtrent net so oud soos hy, was weer dik en grof, maar wonderlik opgeruimd en vreeslik nuuskierig.

Op 'n goeie dag—dit was 'n somernamidag—onderwyl oom Kootjie, sy vrou, 'n paar van hulle kinders en 'n swaer van hom, Gert Kies, op die stoep van hulle woning sit en gesels, merk oom Kootjie op: „Julle weet, môre moet ek alweer dorp-toe om 'n kerk-

raadsvergadering by te woon, en die ent pad dorp-toe, alhoewel dit maar twaalf myl is, word darem vir my in die laaste tyd verskriklik vervelig; en Bloubok en Sara,"—sy twee karperde—,,hoe verveliger die pad vir my word, word by die dag stadiger, en meer as vier myl per uur kry jy nie uit hulle nie. En nou sal 'n mens sê: „Hoekom skaf jy hulle nie af nie?" Maar dit kan ek ook nie doen nie, want hulle het my baie getrou gedien, en hulle kan moontlik in die hande van mense val wat hulle dan mishandel. Nou het ek gedink om ook maar vir my 'n ou Fordjie aan te skaf, dan kom 'n mens tog gouer oor die weg; en ook nie dit alleen nie, maar nou die ander dag, toe ek met die dominee uit was op huisbesoek, het hy my maar lelik gesteek."

„En toe, wat het hy gesê?" val sy vrou hom in die rede.

„Hy het gesê dat as Bloubok 'n mens was, hy by uitstek 'n swak Christen sou gewees het, want hy verstaan die kuns eersteklas om sy pligte te versuim. Hy het vir my ook nog in die haastigheid vertel hoe aangenaam dit was om met broeder De Beer op huisbesoek uit te gaan, want dié het ook 'n Ford. Dus kon hulle in twee uur meer uitrig as wat Bloubok en Sara in 'n dag kon doen."

„En toe, wat het jy gesê?" vra sy.

„Nee, niks nie. Ek het die ding somar doodgepraat.”

„Ja, nes julle mans is! Kon jy nie vir hom gesê het dat, as daardie Ford van broeder De Beer begin dingetjies maak, hy die hemel sou gedank het as hy dan maar liewer agter Bloubok en Sara gesit het? En wat beteken daardie nuwe waenhuis wat jy laat bou het, Kootjie? Jy het seker, toe die dominee so op Bloubok geskimp het, somar in die stilte besluit om vir jou ook 'n Ford aan te skaf, nè?”

„Ja,” laat oom Kootjie met 'n sug daarop volg, „ek het daardie gheraas laat bou vir dié doel.”

„Wat sê jy ,gheraas'? Jy bedoel seker ,geraas', nè? Waar kom jy aan daardie Engelse naam? Hoekom sê jy nie waenhuis nie? Geraas,” gaan sy voort, „sal darem ook reg wees, want die ding skop 'n duiwelse geraas op as hy, soos julle sê, ,staart'.”

„Kyk, vrou,” vervat oom Kootjie, „as 'n mens eers eenmaal aan 'n Ford gewoond raak, dan wil jy nie weet van kar en perde nie, want die ding gly soos 'n stukkie seep oor die aarde, en ek kan dorp-toe gaan en terugkom binne 'n uur; en met Bloubok en Sara sal dit my sewe uur kos—drie uur soontoe, drie uur terug en 'n uur vir uitspanning daar.”

J

„Maar hoe maak jy nou as Swartlaagte net 'n modderpoel is? Dan gaan Bloubok en Sara nog deur, maar jou Fordjie sal dan moet hensop.”

„Wat praat jy, vrou?” helder oom Kootjie op. „Verlede jaar toe Swartlaagte nes 'n see gelê het, het ek gesien dat 'n Ford daardeur gegaan het, en dat die water en modder nes twee watervalle weerskante van die modderskerms gestaan het, en die mense sit binnekant die kar houtgerus en wieskie drink.”

„Maar, Kootjie,” verneem sy, „hoekom noem julle dan die ding ,kar'? Hy het mos vier wiele—en dis mos 'n wa.”

„Ag, vrou, dis somar nukke wat die Engelse uithaal. Hulle noem dan die geraamte of romp van 'n dooi ding ,karkis'.”

„Wil jy nou meer?” sê sy ewe verslae by haarself, en sy vra toe verder: „En toe, wat is jou plan nou?”

„Vrou,” sê hy, „Jan van Graan, op Knoppiespan, het 'n Ford wat hy aan my, en aan my alleen—so het hy uitdruklik gesê—sal afstaan vir tweehonderd pond, en . . .”

„Maar,” val sy vrou hom in die rede, „dis te duur vir 'n twedehandse Ford. Hoekom gaan jy dan nie liewer vir jou een op die dorp koop nie?”

„Ja, dis ook waar. Maar Jan se kar ken ek, en ek het ook al op hom gery, en ek kan jou verseker dat hy net soos blits loop; en Jan het my gewaarborg dat hy my binne 'n uur sal leer, sodat ek heeltemal in staat sal wees om die ding te bestuur.”

„Nou ja, toe dan,” besluit sy, „maak dan maar so.”

Die daaropvolgende week het oom Kootjie en Gert te voet na Knoppiespan vertrek, wat maar ses myl van Vrolik lê. Gert het eintlik saamgegaan om met die terugreis die hekke oop te maak.

Met hulle aankoms op Knoppiespan was Jan van Graan net tuis, en ewe bly om oom Kootjie en Gert te sien; en nadat hulle gegroet het, het Jan hulle binnegehoi.

Toe hulle so 'n rukkie gesels het, het oom Kootjie maar aan Jan die doel van sy koms meegedeel en tegelykertyd gesê dat hy besluit het om die Ford van Jan oor te neem. Jan het toe dadelik die motorkar laat uitstoot en oom Kootjie somar laat plaas neem by die stuurwiel, terwyl hy langs hom gaan sit het om hom te leer ry. Gert het agter gesit, terwyl Jan nou besig was om oom Kootjie te onderrig in al die geheime van 'n motorkar te bestuur.

Dit het wonderlik voorspoedig gegaan, en binne 'n uur het Jan nog sy geld ontvang;

en oom Kootjie, met Gert naas hom, is weer op weg huis-toe.

Gert was maar skrikkerig; maar nadat hulle 'n goeie twee myl van Jan se huis was en hulle darem nog in die pad gebly het, het hy begin moed skeep, en hy merk toe op: „Boet het darem die mouster-kar se trieks gou agtergekom, en dit lyk vir my ons sal netnou veilig by die huis wees.” Maar hulle was nie.

„Ja, jong,” sê oom Kootjie, „dis darem nie so ingewikkeld as wat ek gedag het nie; en wat ons nou nog nie weet nie, sal ons wel later agterkom.” En hulle het ook. „Maar moet nou nie verder gesels nie,” vermaan oom Kootjie, „want daardie twee bome wat weerskante van die pad staan, maak my benoud, en 'n mens sal al jou positiewe moet bymekaar hou om veilig tussen hulle deur te ry.”

Die twee bome waarvan hier sprake is, het omtrent twintig tree uitmekaar gestaan en was nie in die minste gevaarlik nie as 'n mens in die pad sou gebly het; maar die een wat die naaste aan die pad gestaan het, het 'n groot stomp gehad wat sowat vyf voet uitgesteek het en net hoog genoeg was om die kap van 'n motorkar te belemmer.

Die twee bome het oom Kootjie se benoudheid so laat styg dat hy verward geraak het; en in plaas van die petrol af te sluit, het hy juis die teenoorgestelde gedoen, en toe loop

die motorkar, soos hulle sê, dat 'n mens nie hemel of aarde kon beken nie, en reg op die boom met die uitstekende stomp af.

„Pas op, Boetie!” skree Gert doodsbenoud.
„Boetie sal ons teen die boomstam verongeluk.”

Oom Kootjie het die boomstam *net* misgery, maar die dwars tak het sy werk gedoen, die windskerm uitmekaar geslaan, die kap gevang en die motorkar so 'n geweldige ruk gegee dat sy voorwiele gelig het. Hy het darem gou weer reggeruk en voortgesnel, en toe loop hy soos oom Kootjie aan sy vrou gesê het, „nes blits”, terwyl die grootste gedeelte van die kap agtergebly het. Gelukkig het altwee gekoes toe hulle onder die boom deur is, en sodoende hulle gesigte teen die spatende glas beskerm. Gelukkig het Gert die ding agtergekom dat daar iets verkeerd met die petrol was, en gou het hulle dit herstel en die motorkar tot stilstand gebring.

Hulle het toe ewe verslae die verplunderde dele van die kap bymekaar gemaak en in die motorkar gesit, om dan maar weer te vertrek. Gert het in die gouigheid 'n vaste besluit geneem om nie 'n duim verder met die motorkar saam te ry nie, en gesê: „Boetie, ek dink nie ek sal verder saamry nie, want Boetie ry darem 'n bietjie te onverskillig met die mouster-kar, en daardie kort draaie wat Boetie maak, geval my glad nie; en ook nie

dit alleen nie, maar verlede week het ek 'n alte nare droom gehad."

„En toe, wat het jy dan nogal gedroom?" vra oom Kootjie ewe vies.

„Boetie," antwoord Gert, „ek het gedroom dat ek met 'n mouster-kar—maar dit was nie 'n Ford nie—hemel-toe ja, en ek het op 'n groot plaat engeltjies afgekom; maar die mouster-kar het toe so geweldig geloop dat hulle nie kon padgee nie, en 'n stuk of ag van hulle is onder die kar deur, en 'n verskriklike wolk wit vere het toe agter die kar gewarrel. En toe Boetie daar so op die boomstam gekorrel het, kom my die hele droom weer voor die gees; maar gelukkig met een of ander bonatuurlike wonderwerk het ek en Boetie die ewigheid net by 'n halfduim misgeloop."

„Ag, Gert, daardie droom van jou is somar pure bog," sê oom Kootjie. „Waar het jy ooit in jou lewe gehoor dat 'n mens met 'n motorkar kan hemel-toe ja? En daardie wit vere wat so agter die motorkar in jou droom gewarrel het, sou dan seker die kap beteken het wat so agtergebly het, nè?"

„Wragtie, Boetie, dis nog nooit anders nie! Daar het ek nie eens aan gedink nie."

„Nou toe," sê oom Kootjie, „draai nou maar die slinger voor; laat ons maar weer ry, want waarvoor wil jy nou huis-toe loop, en

hoe die ongeluk moet ek alleen by die hekke klaarkom?"

Gert het toe maar net gesug en die slinger gepak en hom 'n geweldige draai gegee, met die gevolg dat die slinger terugruk en Gert se een hand buite werking stel.

Oom Kootjie sou toe self draai, en hy het dit reggekry ook; maar die motorkar het somar sonder kennisgewing vorentoe gespring, vir oom Kootjie onderstebo gestamp, en hom toe loop wreek op 'n ontsaglike boomstam.

Oom Kootjie en Gert het toe maar weer verder die reis te voet voortgesit huis-toe, tot groot tevredenheid van Gert, want hy het toe al 'n ernstige besluit geneem om in die vervolg van 'n motorkar se lyf weg te bly.

Toe oom Kootjie en Gert die werf binne-stap, staan tant Siena, oom Kootjie se vrou, met haar hande in die sy hulle en inwag.

„En toe, Kootjie,” begin sy verskrik en teleurgesteld by hulle aankoms, „waar's die motorkar?"

„Ag, Siena,” antwoord oom Kootjie ewe kortaf—anders noem hy haar „Vrou”, maar as hy vererg is, is dit somar kortaf „Siena”—, „die motorkar sal in der ewigheid nie weer loop nie: hy het hom uitmekaar gepomp teen 'n boomstam, en so verwoes dat ek dit nie die moeite werd ag om hom weer te gaan haal nie.”

„En waarvoor ja jy dan bome onderstebo? In die pad is mos nie bome nie!”

„Sussie,” sê Gert, „dit was nie eintlik Boetie se plan nie, maar die mousterkar wou glad nie anders nie. Eers het hy somar onder 'n boom deurgeglim en sy kap puur verniet laat afruk, en ons byna nog verongeluk ook, en toe het Boetie hom gepaai en weer tot stilstand gebring; en toe ons weer wou „staart” het hy somar my hand uitmekaar geslaan, vir Boetie onderstebo gespring, en toe sy lyf loop skaapram hou teen 'n geweldige boomstam.”

„En nou Gert,” vra tant Siena, „sal hy nie weer loop nie?”

„Nee wat, Sussie; sy ingewande is belemmer, sy stuurwiel staan nou regop, sy twee voorwiele omhels mekaar, en dis net petrol, olie en water waar jy kyk!”

„Dis net soos ek gedag het!” skater tant Siena van die lag. „Julle wil mos die Engelse altyd na-aap. Bloubok en Sara is dan te stadig, en die motorkar weer te vinig! Nou sal dit in die vervolg glo moet te voet gaan, en, begryp nou, jy en die dominee te voet op tog onder die gemeente met huisbesoek!” spot sy. „En toe, Kootjie,” verneem sy verder, „wat is jou plan nou? Gaan jy nie maar weer 'n ander motorkar koop nie?”

„Boetie kan weer 'n mousterkar koop as Boetie wil,” val Gert ewe ernstig in „maar dan moet Boetie darem wragtie nie op my reken met die gaanhaalslag nie, want ek het nou 'n vaste besluit geneem om nie meer mousterkar te ry nie,” en hy het toe ook somar gegroet en getrap.

Die volgende dag was tant Siena maar nog besig met die motorkargeskiedenis, en die ding het oom Kootjie so stadigaan begin verveel. Hy het in die geheim 'n plan beraam om tant Siena vir al die spot uit te betaal. Maar hy het nie.

Oom Kootjie het, toe hy hom weer onder tant Siena se spottende kruisverhoor bevind, gesê: „Vrou, daardie gelol van jou is ek nou moeg voor, en ek het 'n besluit geneem om myself maar te verongeluk.”

Tant Siena, omdat sy nie soiets verwag het nie, het darem so effe geskrik, maar dit nie laat merk nie, en toe besluit sy om in die vervolg die ontwikkeling van sake in verband met oom Kootjie se voornemens noukeurig dop te hou. En sy het ook.

Op die plaas, in die loop van 'n droë rivier, en naby die woning, was 'n diep en breë kuil van ongeveer 'n halfmyl lank, die oewers waarvan dik begroei was met populier- en ander bome.

Oom Kootjie se plan was toe om die nodige kledingstukke aan die ander kant van die kuil

weg te steek, en as alles dan gereed is, aan hierdie kant hom uit te trek en sy klere net so daar te laat lê en dan deur te swem, weer die klere aan te trek, en dan vir 'n dag of wat hom uit die voete te maak. En hy het so gemaak ook.

Onderwyl oom Kootjie aan die deurswem was, was daar so 'n buitengewoon bly trek op sy gelaat te bespeur, en toe hy oorkant uitklim en gaan sit, het hy hardop gelag by die gedagte: „Siena sal haar morsdood skrik as sy my klere daar kry, en dan sal Bloubok en Sara dit ook gewaar om mense bymekaar te maak om na my ,lyk' te seek. Hoe teleurgesteld sal sy wees as sy tot die ontdekking kom dat dit maar 'n poets is wat ek haar gebak het. Maar dit sal vir haar 'n les wees.” Maar dit was nie.

„Ja,” sug oom Kootjie toe hy aan opstaan was, „sy is darem maar 'n dierbare ou siel; jammer maar dat sy so geweldig kan spot.”

Oom Kootjie het toe die klere gaan seek op die plek waar hy dit gelaat het, en met oopgerekte oë staan hy die plek een bewonder, want die klere het verdwyn. Hy het toe ewe benoud haastig op en af in die bosse gesoek—maar alles tevergeefs. Hy gewaar toe dat sy vrou en kinders van die werf af wegry in die rigting van die dorp.

Onder die omstandighede het oom Kootjie besluit om maar weer deur te swem en die

klere wat hy netnou uitgetrek het, weer aan te trek. Hoewel die verdrinkplan nou skipbreuk gely het, sou hy hom darem maar vir 'n paar dae opsy hou—maar hy het nie—, want toe hy by die plek kom waar hy die klere gelaat het, het dié ook spoorloos verdwyn.

„Wel,” redeneer oom Kootjie by homself, „om nou darem aan die swem te bly totdat die vrou weer opdaag, sal nie stryk nie; en die gedagte om ander klere in die hande te kry, kan ek maar uit my kop laat, want ek weet goed genoeg dat, as sy van die huis af weggaan, sy goed sorg sal dra dat dit haas onmoontlik sal wees om in die huis te kom. Dus is daar vir my glad nie 'n ander plan nie—en dit word al laat—as om maar na die verongelukte motorkar te gaan en my dan maar te bedien, so goed moontlik, van die verplunderde kapseile.” En oom Kootjie het so gemaak ook.

Pikdonker het oom Kootjie die motorkar gehaal; en hy was maar bly ook, want dit was glad nie aangenaam om sonder klere in die nag rond te slenter nie. Hy het toe 'n geweldige stuk van die wit kapseil losgeskeur en dit net soos 'n laken omgehang, en toe maar dadelik weer huis-toe gegaan.

Op weg huis-toe verneem hy 'n rytuig agter hom. Hy het toe so 'n bietjie opsy geskuil,